

# VINNIG-NADERENDE SPERDATUM VIR WERKGEWERVERKLARINGS

**Pretoria, 24 Mei 2019** - Werkgewers word daaraan herinner dat alle jaarlikse werkgewer rekonsiliasie verklarings (EMP501), werknemerbelastingsertifikate [IRP5/IT3(a)'s] en, waar van toepassing, belastingcertifikaat kansellasie verklarings (EMP601) vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019 teen 31 Mei 2019 ingedien moet wees.

Dit is van kardinale belang dat werkgewers hulle jaarlikse rekonsiliasies teen die sperdatum indien en IRP5/IT3(a)-sertifikate aan hulle werknemers uitreik. Dit is die belangrikste vereiste dokumente wat van individuele belastingpligtiges vereis word vir die indiening van hulle persoonlike inkomstebelastingopgawes gedurende Belastingseisoen wat op 1 Julie 2019 in aanvang neem.

Daar is elemente op die EMP501 wat moet rekonsilieer vir die rekonsiliasie indiening om suksesvol te wees. Dit is:

- Maandelikse werkgewer verklarings (EMP201) wat die maandelikse Lopende Betaalstelsel (LBS) aftrekkings aandui, werkloosheidversekeringsfonds (WVF) en vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH);
- Betalings gemaak (uitsluitend boete en rente betalings);
- Werknemerbelastingsertifikate [IRP5/IT3(a)] gegenerereer; en
- Indiensnemingbelastingaansporing berekeninge, indien van toepassing vir die tydperk.

Deur 'n rekeningstaat aan te vra na 'n indiening op eFiling, is werkgewers in staat om enige uitstaande skuld, uitstaande opgawes en nie-geallokeerde betalings te besigtig.

Verklarings kan deur e@syFile™ Employer of eFiling ingedien word. Salarisrol belastingvorme wat per hand voltooi is word nie meer aanvaar nie.

Kopieë van alle verklarings wat ingedien is, moet vir 'n minimum van vyf jaar gebêre word.

Aangesien SARS die inligting gebruik wat deur werkgewers verskaf word om persoonlike inkomstebelastingopgawes vooraf te voltooi, word werknemers daaraan herinner om die inligting op hulle IRP5/IT3(a)-sertifikate na te gaan, asook die inligting wat ingedien word op belastingcertifikate van derde party-instansies, soos mediese skemas. Indien die inligting op die belastingcertifikaat foutief is, word die werknemer vereis om die werkgewer of derde party te nader om die inligting reg te stel.

SARS se belastingopleidingwerkswinkels oor die gebruik van e@syFile™ en jaarlikse werkgewer rekonsiliasie verklarings, is beskikbaar voor die sperdatum by verskeie SARS-takke landswyd. Die skedule is beskikbaar op die SARS-webtuiste onder '*Useful tools\_Learn about Tax*'.

Die SARS-kontaksentrum kan geskakel word by 0800 00 7277 en riglyne oor die indiening van opgawes is beskikbaar op die SARS-webtuiste onder die afdelings oor besighede en werkgewers.